Drie Stanvastige Jongmanne Eng/Afr.

Uittreksel van Pastoor Neser se preek: B156

Skriflesing uit: Dan. 3:1-18

Kernvers: 18 – ‘ maar so nie, laat dit u dan bekend wees, o koning, dat ons u gode nie sal dien nie en die goue beeld wat u opgerig het, nie sal aanbid nie’.

‘n Baie bekende verhaal – wat ‘n geloofsoortuiging en heldemoed het hierdie 3 jongmanne openbaar! Mag die Here ons vandag inspireer en bemoedig vir die groot uitdagings wat ons vandag in die oë staar. Dat God ook deur Sy woord daardie selfde gees van standvastigheid in ons harte sal opwek.

Nadat hierdie koning die wonderwerk van sy verklaarde droom beleef het en erkenning aan God gegee het, het hy hier in hoofstuk drie dit klaar vergeet. Toe die drie jongmanne dan voor hom te staan gekom het omdat hulle nie voor sy beeld wou buig nie, vra hy werlkik vir hulle: ‘en wie is die God wat julle uit my hand kan verlos?

So kom God ook in ons lewe: miskien het die Here ons van ‘n gewisse dood gered, of van ‘n groot versoeking bewaar – het u dit al vergeet? As God met u gepraat het en ‘n ontmoeting met u gehad het en u reageer nie daarop nie, dan volg ‘n geestelike blindheid. Dis ‘n voorreg om ‘n ontmoeting met God te hê, maar dan verwag God dat u iets daaromtrent moet doen.

Nebukadnésar het ‘n ontmoeting met die Lewende God gehad maar hy het dit verwerp. Hier word hierdie drie jongmanne in Babel uitgedaag en hulle het geweet dat hulle nie voor ‘n ander god mag buig nie. Hulle kon geredeneer het dat hulle ver van hul land en mense is en wie sou weet. Hulle is na die vreemde in ballingskap weggevoer en kon gedink het: wat kan ons ou drie mensies nou eintlik doen teen hierdie menigte en hierdie magtige koning?

Hulle kon gesê het soos so baie mense die verskoning gebruik: ‘as jy in Rome is doen soos die Romeine; of hulle kon gedink het: ons het hoë posisies – wat het ons godsdiens daarmee te doen?

Maar hulle was standvastig in hul geloof en sou eerder die vurige oond trotseer as om hul God te verneder….